LWV Riglyne

Minimum standaarde vir werkersbehuising op kommersiële plase in Namibië

Die Namibiese Arbeidswet, Wet 11 van 2007, bepaal as volg (Deel E, Verblyf, Seksie 28):

(1) 'n "Afhanklike" beteken die gade en die afhanklike kinders van die werknemer of die gade.

(2) Indien daar van 'n werknemer verwag word om by die werksplek in te woon, sal die werkgewer die werknemer voorsien van voldoende behuising, insluitend sanitêre- en waterfasiliteite.

(3) Indien die werknemer op landbougrond inwoon, behoort die werkgewer voldoende fasiliteite te verskaf om die redelike behoeftes van die werknemer en sy afhanklikes te bevredig, en behoort voorts óf –
(a) vee-aanhouding of grondbewerking toe te laat ten einde die redelike behoeftes te bevredig; óf
(b) volgens ooreenkoms met die werknemer --
(i) genoegsaam voedsel te voorsien om die redelike behoeftes te bevredig; óf
(ii) die werknemer bykomend te betaal om in hul redelike behoeftes te voorsien.

Met hierdie dokument word gepoog om riglyne aan NLU-lede en ander landbouwerkgewers te verskaf rakende die minimum vereistes van subseksie (2) hierbo *"... aangaande voldoende behuising, insluitend sanitêre- en waterfasiliteite."*

1. Tydelike werkers:

Hiermee word bedoel enkellopendes wat aangestel word om 'n bepaalde taak binne 'n bepaalde tyd met of sonder 'n mate van beweeglikheid uit te voer, byvoorbeeld oesspanne, draadspanners, boskappers en houtskoolwerkers.

1.1 Algemene standaard:

Huis:	Tent, sinkpondok of karavaan met stoep of kookskerm
Sanitêr:	Putlatriene (long drop)
Water:	Skoon boorgat- of tenkwater

en/of

1.2 FSC-standaard:

Huis:	Sink/tent/tradisioneel/steen
	Onderdak kookfasiliteite
	Minimum skadunet vloere

(Slaapkwartier/behuising vir maksimum ses persone om minimum privaatheid aan werkers te besorg)

Sanitêr:	Afgesonderde bad/was fasiliteit 1 per 15 werkers
	Putlatriene (long drop) 1 per 15 werkers
Water:	Toegang tot skoon water binne 100m vanaf woonkwartiere
	Drinkwater moet voorsien word binne 50m vanaf werksplek

2. **<u>Permanente jong werkers met of sonder gade</u>:**
   Huis: Enkelkamer wat kan toesluit (9 m²), gebou van steen of vooraf-vervaardigde materiaal, met ’n stoep of kookskerm
   Sanitêr: Gedeelde ablusiefasiliteite (toilet, stort, wasbak)
   Water: Kraan naby aan huis met veilige drinkwater

3. **<u>Permanente werkers met gades en kinders (gesin):</u>**
   Huis: Twee slaapkamers van steen, vooraf-vervaardigde materiaal of tradisioneel met stoep of kookskerm
   Sanitêr: Gedeelde ablusie fasiliteite (toilet, stort, wasbak) vir maksimum 15 persone
   Water: Kraan naby aan huis met veilige drinkwater

Let daarna op dat bogenoemde fasiliteite gerig is op die minimum sosiale, higiëniese en gesondheidsbehoeftes van werkers en hul gesinne.

Waar water en tuingrond dit moontlik maak, hoort groentetuine aangemoedig te word sodat vars groente en vrugte vir die gesinne beskikbaar kan wees (Sien punt 3. (a) hierbo).

Aangesien die voorsiening van werkersbehuising ’n lang-termyn belegging is, hoort fasiliteite bokant die minimumstandaarde oorweeg te word.

Ten slotte hoort alle kommersiële produsente daarna te poog om ’n bekwame, tevrede en gesonde werksmag te hê. In Namibië trek die stede se aanloklikhede al hoe meer die platteland leeg en dit sal altyd ’n uitdaging wees om deur die aanbod van goeie werks- en lewensomstandighede kompeterend in die arbeidsmark te bly.